# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/16) (Follow me on justchad_cga)

*Justin Chadwick 10 Junie 2016*

***"I am the greatest. I said that even before I knew I was" Mohammad Ali***

## NUWE AANSTELLINGS

Welkom aan Kgabo Rammutla wat by Fruit South Africa aansluit as die Operasionele Bestuurder. Ons verwelkom ook twee nuwe aanstellings by die "CGA Grower Development Company" - Yolanda Ntlakaza as die hoof van "Business Management Support"; terwyl Camille Khoza aansluit as Administrateur.

## REG VIR DIE TOEKOMS – AGBIZ KONGRES

Verlede week het AGBIZ (die Landboubesigheidskamer) hul tweejaarlikse kongres in Somerset-Wes gehou. Leiers in die agribesigheid is aan twee dae van uitstekende aanbiedings, deurdagte besprekings en intense netwerk blootgestel. Die program is goed deurdink - die ekonomie, politieke omgewing, swart ekonomiese bemagtiging, handel, water, krag is gedek alvorens dit afgesluit is met verskillende scenario's van wat kan gebeur (aangebied deur Clem Sunter se minder bekende "sidekick" Chantell Ilbury). Die aanbiedings is beskikbaar op die AGBIZ webwerf, en is beslis 'n besoek werd. Sommige van die "take home" boodskappe van die Kongres is soos volg:

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie sal verder verswak in 2016 en daarna verbeter.
- Die beweging in die Rand wisselkoers gaan nie langer 'n "one way risk" wees nie – die aanbieding voorsien 'n sterker rand in 2017. Dit sal hoofsaaklik gedryf word deur die verswakking van die VSA $.
- Die Reserwebank sal voortgaan om inflasie te teiken – alhoewel die inflasiekoers deur die boonste vlak sal breek weens skokke in die voorsieningskant. Inflasieteikens is deursigtig, goeie praktyk, verseker prys en finansiële stabiliteit en verminder besigheidskoste.
- 'n Beduidende skok aan die voorsieningskant is die impak van die droogte - die eerste kwartaal van 2016 het verbruikers voedselprysinflasie teen 12% ervaar. Ergste moet nog kom - die volle impak van die droogte moet nog ervaar word.
- Bedrywe wat oor die algemeen goed doen in 2016 is vervaardiging, landbou en toerisme - met vrugte en neute die belangrikste bydraer in landbou (as gevolg van uitvoere). Hierdie sektore het 4% groei ondervind.
- Mega streekshandelsooreenkomste - die "Trans Pacific (TPP)" en "TTIP" (VSA en EU) sal 'n impak op alle lande hê. Die TPP sluit 12 lande in, 40% van die wêreld se BBP en 25% van die handel; terwyl TTIP 28 lande insluit, 45% van die wêreld se BBP en 33% van die wêreld se handel. Die meeste van die hoofstukke in hierdie ooreenkomste handel oor reëls (min oor tariewe) - en 'n poging om die WHO-reëls te versterk en te verbreed. Lande wat nie deel van hierdie ooreenkomste is sal ook druk ervaar om hieraan te voldoen.
- Water IS die grootste probleem wat deur landbou in die gesig gestaar word - watersekuriteit is die grondbeginsel van landbou. Die droogte van 2015/16 word nou al vir 20 jaar voorspel - so dit moet nie 'n verrassing wees. Die toekoms sal beïnvloed word deur onsekerheid en wisselvalligheid. Doeltreffende gebruik van water sal van kardinale belang word. Doeltreffende implementering van die Nasionale Waterwet is belangrik - en besigheid / bedryf moet betrokke raak by agentskappe in die bestuur van die Opvangsgebiede.
- 20% van huishoudings in Suid-Afrika het nie toegang tot elektrisiteit nie. Drievoudige probleem - volhoubaarheid van elektrisiteit vs sekerheid van elektrisiteit vs verantwoordelik vir elektrisiteit; moet 'n "minimal regret choice" maak.
- In terme van scenariobeplanning moet die volgende "flags" gemonitor moet word (hulle sal die rigting bepaal waarheen Suid-Afrika op pad is) - misdaad en korrupsie; gehalte van infrastruktuur; leierskapstyl; onderwys (plekke van uitnemendheid); entrepreneuriese vonk (en rompslomp); onafhanklikheid van die regbank; nasionalisering en grondbesit. Diegene wat 'n Clem Sunter / Chantell Ilbury praatjie voorheen bygewoon het sal weet dat ons tans in die "Premier League" is (top 61 lande in terme van mededingendheid; RSA het sopas van 53 na 52 hierdie jaar beweeg) - hoewel waarskynlik in die relegasie sone. Volgens Chantell is daar 'n 45% kans om in die Premierliga te bly. Daar is 'n 45% kans om na die "Second Division" te skuif en 'n 10% "worst case" scenario van "Failed Status". Om op te beweeg in die Premierliga, het nasies wat wen die volgende kenmerke - 'n uitstekende onderrig; goeie werksetiek en ondernemingsgees; hoë spaarkoers en toegang tot kapitaal; goeie infrastruktuur; uitvoer-georiënteer; "dubbel ekonomie" met ruimte vir groot en klein sake; sosiale harmonie; mededingende persoonlike en maatskappy belasting; doeltreffende regering en 'n aantreklike omgewing vir buitelandse direkte beleggings.

## GEPAK EN VERSKEEP

Satsumas is klaar, met die finale volume van 1 873 099 kartonne wat uitgevoer is wat net 4% hoër as die skatting is. 96% van die geskatte Clementines is gepak (2 629 660 kartonne), terwyl mandaryne nou die sagte sitrus sektor oorheers - 1 411 812 kartonne wat tot op datum gepak is (20% van skatting). Met ongeveer 20% van die totale sitrus van suider-Afrika wat gepak en verskeep is, is daar in die vroeë seisoen aansienlik meer vrugte na die EU (9,8 miljoen kartonne) gestuur in vergelyking met dieselfde tyd in 2015 (7,3 miljoen). Ander markte het 'n meer beskeie toename getoon - Midde-Ooste 4.8 m teen 4,4 m; Noord-Amerika 1,2 m vs 0,7 m; Asië 3.7 m vs 3.6 en Afrika 0,5 m vs 0.4 m. Rusland is die enigste mark waarna daar minder tot op datum gestuur is - 1,8 miljoen kartonne in 2016 teen 2,3 m in 2015.

| Tot eind Week 3/6/16<br>Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 11.1 m | 10.7 m | 7.8 m | 6.1 m | 4.8 m | 12.4 m | 12.4 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 4.5 m | 4.7 m | 5.9 m | 3.4 m | 4.7 m | 11.2 m | 11.3 m | 10 m |
| Suurlemoene | 6.2 m | 7.3 m | 7.8 m | 5.9 m | 6.8 m | 16.1 m | 16.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 5.4 m | 6.3 m | 8.7 m | 2.9 m | 5.3 m | 25.1 m | 25 m | 24.5 m |
| Valencias | 0.6 m | 0.4 m | 0.5 m | - | 0.4 m | 46.4 m | 46.4 m | 52.7 m |
| Totaal | 27.8 m | 29.4 m | 30.7 m | 18.3 m | 22 m | 111.2 m | 111.2 m | 118.3 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**